

Saterdag 3 Julie

Skrifgedeelte: Obadja 1

Fokusgedeelte: Obadja 1:15-16

Hoogmoed kom tot 'n val!

Juda en Edom het 'n noue band gehad. 'n Broersvolk, as die nakomelinge van die broers Jakob en Esau. In vers 15-16 word gepraat van die dag van die Here, en waarop hierdie twee verse veral fokus, is die straf oor Edom. Die Here gaan Edom straf oor hulle hoogmoed.

Ons sien duidelik uit die eerste paar verse van die boek dat die Edomiete gedink het hulle is onaantasbaar. Menslik gesproke het hulle rede gehad tot sulke denke, die stad Sela was in 'n krans-agtige gedeelte gebou en kon slegs vanuit een rigting benader word. Dit het 'n aanval op Edom byna onmoontlik gemaak en hulle was menslik gesproke veilig in hulle stad.

In hulle eie "onaantasbaarheid" het hulle van hulle hoë plek gestaan en toekyk hoe hulle broer (die volk Juda) aangeval en verower word met die wegvoer van Juda in Babiloniese ballingskap. Edom kyk nie net toe nie, maar neem ook deel aan daardie val en vernietiging. Juda kry 'n emosionele hou, hulle "broer" neem deel aan hulle val. Daarom laat die Here ook die profeet skryf oor die ewige vernietiging van Edom.

God is regverdig. Sonde word gestraf. In Sela kon die Edomiete dalk die aanvalle van volke vryspring of afweer en begin dink hulle is onaantasbaar, maar van die Here kan hulle nie wegkom nie, en Hy sal hulle straf vir hulle sonde. In hulle hoogmoed sal hulle val. Dié wat in sonde volhard, sal deur God gestraf word en geen wêreldse sekuriteit kan dit afweer nie. Die mense van die Here, daarenteen, sal ewige verlossing ontvang en tuiskom in 'n nuwe en ewige koninkryk.

Moet nooit van 'n hoë plek staan en toekyk hoe ander swaarkry of selfs die swaarkry veroorsaak nie. Buk eerder af, op jou knieë, bid vir hulle, gee 'n hand en help.

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Ds. RJ Pretorius (Rynhardt) (Benoni)